Tema: Vertrou altyd (ook in stormtye) op Jesus want Hy is God wat in beheer is en wat jou sal red!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Psalm 33-3: 1, 3, 7
Ps. 65-2: 1, 3, 4

God en ons ontmoet mekaar Intreelied:
Ps. 93-2: 1, 3, 4 (Mel van Ps. 145)
Votum (uit Ps. 89: 9 - 10)
Seën
Loflied Ps. 89-1: 3, 4, 17
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20
Sing in reaksie op die wet: Ps. 130-2: 1, 2
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Markus 4: 35 – 41
Teksverse: Markus 4: 41
Sing Sb 4-8 : 1, 2
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Ps. 46-2: 1
Liefdegawe
Aflê van geloofsbelydenis
Sing Ps. 20-1: 2, 5
Gebed vir BnB
Sing Ps. 104-2: 1, 3, 4, 12, 16
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Is dit ook met jou die geval dat jy wanneer jy iets groots en aangrypend in die natuur sien of beleef dat jy meer onder die indruk kom van die grootheid, krag en heerlikheid van die Here as in die alledaagse gang van jou lewe? Ons leef elke dag bewus van die Here, nie waar nie? Maar die oomblik as ek met iets groots gekonfronteer word, iets wat my my eie kleinheid en mensheid diep laat besef, dan kom ek regtig onder die indruk van die Here en sy grootheid.

Kom ons dink saam aan ŉ paar voorbeelde om net iets daarvan te verstaan:
jy staan by voorbeeld onder aan die voet van die bekende amfiteater in die Drakensberg en jy kyk op na daardie magtige berge met hulle hoë kranse en die rivier wat daar van doer bo af val en hier by jou voete verbyloop, dan word jy bewus van hoe groot God is en wat Hy kan doen!

Jy staan op Tafelberg en kyk uit na daardie onbeskryflike mooi toneel wat voor jou oë afspeel met die berg, die land en die see! En hier teen laatmiddag as die son laag oor die see lê dan kleur die Here die horison, die see en die wolke met die pragtigste, afwisselende kleure in tot dat die son verdwyn. Daardie prentjie vul jou met diep ontsag vir die Here en sy skeppingsmag!

Of jy staan op ŉ stormdag by die see en kyk met watter geweld en krag die groot kragtige golwe teen die rotse slaan sodat die water meters hoog in die lug op spat. Jy sien hoe die sterk wind die watersproei gryp ver oor die land inwaai en jy besef: die Here het dit gemaak en die Here het vir hierdie see en sy magtige golwe ŉ grens gestel! Hoe groot is die Here nie!

ŉ Laaste belewenis: jy sit op Duin 7 aan die woestynkus van Namibië en kyk uit oor die oneindige sandduine wat die een na die ander inmekaar vloei en jy besef: dit is asof die Here hierdie sand met sy eie hand so gestrooi het. Jy voel letterlik die oorweldigende stilte van die grootse woestyn en jy voel so klein soos ŉ miertjie! Die Here is groot en magtig!

Geliefdes, hoekom gebeur dit dan dat wanneer ons in een of ander lewenskrisis beland, dan vergeet ons van hierdie grootheid van die Here en sy almag en krag? Skielik lyk my lewenskrisis so groot en onoorkombaar dat ek bang word en dink hierdie krisis gaan my oorweldig!
Dit is ook wat hier in die bootjie op die see met die dissipels van Jesus gebeur.

Die dissipels het al met hulle eie oë gesien hoe Jesus bose geeste uit mense dryf en hoe Hy honderde mense gesond gemaak het. Hulle het gesien hoe Jesus ŉ verlamde man, wat deur sy vier vriende deur die dak van ŉ huis laat afsak is, weer laat loop het. Hulle het al gesien hoe Hy die onmoontlike laat gebeur deur ŉ man van

sy melaatsheid gesond te maak en ŉ ander man wat ŉ gebreklike hand gehad het, se hand gesond te maak.

Maar die oomblik toe hulle self in ŉ krisis kom en die storm op die see beleef en sien hoe die water in die boot inslaan, toe vergeet hulle van al hierdie wonders wat die Here Jesus gedoen het en word hulle baie bang en benoud. Hulle geloof in Christus was darem so dat hulle minstens geweet het dat hulle na Hom toe moet gaan, maar of Hy hulle sal red was ŉ vraag! Hulle het gedink Jesus gee nie om nie want Hy lê rustig en slaap en dit terwyl hulle dink die bootjie sal sink en hulle sal verdrink!

Br en sr en liewe kinders, is dit nie dikwels eerder my en jou vrees wat ons na Jesus toe dryf as wat dit ons geloofsvertroue in Hom is wat ons na Hom toe dryf nie? Die Here wil ons vanmore juis leer: Dat ons altyd – ook in die woeste stormtye van ons lewe – op Jesus kan vertrou want Hy is God! Hy is almagtig en Hy is in beheer van jou lewe en Hy sal jou red en help! Jy moenie bang wees en jou vrees jou laat dryf nie! Jy moet in Jesus glo en laat jou geloofsvertroue jou na Hom toe dryf!

Verstaan jy die verskil? Die verskil tussen ŉ vreesgedrewe geloof en ŉ vertrouensgeloof?
Eintlik is daar nie iets soos ŉ vreesgedrewe geloof nie, want geloof impliseer dat jy op God vertrou en dat jy weet dat Hy sal help! Maar vanweë ons kleingeloof en ons klein dink van God vergeet ons dit dikwels en laat ons toe dat vrees ons na Jesus toe dryf in plaas van geloofsvertroue dat Hy in staat is om enige iets te doen!

Vrees wat jou oortuig dat die krisis in jou lewe onoorkombaar is! Dat dit te groot is en dat God ook nie eintlik kan help nie! Vrees wat jou oortuig dat God nie regtig vir jou omgee nie want as Hy vir jou omgegee het, sou Hy al lankal die uitkoms gegee het! Hoekom wag die Here so lank! Het Hy my nie gehoor nie! Wil Hy nie my gebede verhoor nie! Is ek nie goed genoeg dat Hy my wil help nie? Wil Hy my nie dalk straf en daarom gebeur hierdie dinge met my nie? Dit is ŉ vreesgedrewe lewe!
Ja, jy gaan na die Here toe en jy bid - maar eintlik is dit vrees wat jou lewe beheers!

Die afgelope week besoek ek ŉ huisgesin wat deur diep water gaan en ek lees vir hulle uit Fil. 4: 4 – 7 waar die Here sê: “Die Here is naby. [6]Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7]En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”
Die pa van die gesin reageer hierop deur te sê: ds. Piet, ja, baie dankie maar die probleem is: ek bid en ek bid maar daardie vrede hou nie lank nie! Netnou-netnou dan bekommer ek my weer en kry nie rus oor die saak nie!
Verstaan u nou wat is sy probleem? Dit is ŉ vreesgedrewe geloof? Want vrees beroof jou van vrede en bring bekommernis.

Daarteenoor ŉ lewe in geloofsvertroue wat jou na die Here toe dryf! Die wete: die Here is hier – Hy sal sorg! Al "slaap" Hy dalk ook agter in die bootjie in die sin dat Hy nie dadelik die uitkoms gee nie, dat Hy nie antwoord soos ek dit wil hê nie – WEET ek Hy is in beheer en Hy kan en sal op sy wyse uitkoms gee! En dit bring vrede!

Geliefdes, dis ŉ vaste geloof in die grootheid en almag van die Here! Hy is God en Hy is in beheer en Hy sal jou red! Dit is wat Jesus sy dissipels hier leer! Hy staan op en Hy maak die wind stil en laat die golwe gaan lê! Hy bring absolute kalmte op die stormsee en red hulle! Ja, toe Hy hierdie aangrypende dinge doen, toe die wind en die see vir Hom luister en stil word: toe is die dissipels oortuig dat Jesus meer is as ŉ mens!

Daarom hulle vraag: "Wie is Hy dat selfs die wind en die see na Hom luister?" Hy is God wat in beheer is en Hy sal jou red! Dit is wie Jesus is! Dit is hoe ek en jy oor Hom moet dink en in Hom moet glo! Dis hoekom Jesus mens geword het, juis om ons te oortuig van Wie God is en wat Hy kan doen! Dit is hoe Jesus in hierdie gebeure vir ons geteken word: Die Grote God wat alles kan doen – So wil Hy dat ons in Hom glo en op hom vertrou!

Hierdie storm op die see was die dissipels se amfiteateroomblik. Hulle Tafelberg-verwondering en hulle Duin 7-belewenis! God is groot en Hy is magtig en Hy is hier en Hy sal help! Ek vertrou volkome op Hom! Nie net in die groot oomblikke van my lewe wanneer ek hiervan bewus word nie – maar ook in die krisistye van my lewe as alles verlore lyk – dan glo ek dit steeds en vertrou ek op Hom!

Br en sr, natuurlik is ons almal se geloofoortuiging nie van nature so sterk en groot nie! Ons is mense en ons word bang en ons twyfel, maar die Here wil dat ons in hierdie vertroue moet groei en sterk word! Ek is oortuig dat die Here Jesus hierdie storm op die see gebruik het juis om sy dissipels hierdie lewensles te leer!

Op hierdie stadium wat hulle nog kort saam en moes hulle nog baie leer van vertroue op Jesus en sy almag! Van die feit dat Hy waarlik die Seun van God is, die Verlosser, die Redder en die Koning! Hierdie was vir hulle ŉ oefening en lewensles in vertroue!

Net so doen die Here dit vandag nog met ons. Hy gebruik die storms in ons lewe om ons te laat oefen in geloofsvertroue sodat ons daarin kan sterk word!
Maar die genade is dat Hy ons hierin help en bystaan! Dit is waarom die God die Vader en die Here Jesus die Heilige Gees gestuur het om in ons te kom woon! Dis die Gees se werk om ons te laat groei in vertroue en geloof. Hy laat ons oefen sodat ons ook sterk kan groei in geloofsvertroue!

Paulus skryf in 2 Korintiërs 1 baie mooi hieroor: Luister: (wys skyfie): [8]Ons wil hê, broers, dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. [9]Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe. [10]Dit is Hy wat ons uit so ’n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom is ons hoop gevestig. Hy sal ons ook verder red.” In hoofstuk 3 dan verduidelik Paulus baie mooi dat hierdie geloofsvertroue die werk van die Heilige Gees is.

Daarom moet ek ook voortdurend bid vir groei in my geloofsvertroue. Bid dat die Heilige Gees met altyd opnuut sal oortuig van God se grootheid in Jesus Christus en dat Hy regtig my Koning is en beheer van my lewe is! Dat Hy kan en wil help en dat ek net op Hom moet vertrou! Sodat wanneer die storms kom – ek vas kan staan in my geloofsvertroue en ek op grond daarvan na Jesus toe kan gaan en weet dat God die Vader my deur Hom sal red en bewaar! Dat ek midde die storm kalm kan wees! En nou kan ons saam met Paulus getuig dat die Here dit ook so in ons lewe bewerk!

Ja, geliefdes, storms gebeur en dit is dikwels nodig en goed vir my! Kom ons leer dan om altyd op Jesus te vertrou – al is die wind hoe sterk, die golwe hoe hoog, die rotse hoe gevaarlik, en die land hoe ver – Jesus is God en Hy is beheer van my lewe! Hy hou dit in sy hand en Hy sal my red en bewaar!

Kom ons bid dat die Heilige Gees ons laat groei in hierdie geloofsvertroue sodat ons saam met die digter van Psalm 46 kan sing:
God is toevlug en ons skut
Al gee die aarde onder mee
Al word die berge rondgeskud
Al skuim die waters van die see

Hy help ons in ons nood
Al is dit ook hoe groot
Tog sal ons veilig wees
Tog bly ons onbevrees
God sal ons altyd trou beskut.

Amen

Kom ons sing nou van ons geloofsvertroue uit Sing: Ps. 46-2: 1